
# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon

Oktober / October 2019



Kobus Snyman
Gebore - 29 November 1938
Oorlede - 11 September 2019

FOR THE LOVE AND CARE OF FANCY PIGEONS / VIR DIE LIEFDE EN VERSORGING VAN SIERDUIWE

OFFICIAL MOUTHPIECE OF SAFPA / AMPTELIKE MONDSTUK VAN DIE SASV

# Editors page / Redakteur se blad

## Indeks / Index


| | |
|---|---|
| Editors Page / Redakteur se blad | 2 |
| Editorial / Redaksioneel | 3 |
| Kobus Snyman - Christo Munnik | 4 |
| Skaarsrasklub AJV - Marleen Esterhuizen | 6 |
| Noord Vrystaat - Gert Venter Lenteskou Attie v Aswegen | 7 |
| Scoreboard and Rules | 10 |


## Birthdays

**B067 - Pieter Duvenhage - 02-Nov**
**S001 - Jan Coetzee - 02-Nov**
**W070 - Johan de Kok - 03-Nov**
**D019 - Piet Pretorius - 06-Nov**
**D022 - Hein Hoffman - 07-Nov**
**K045 - Lionel Phillips - 07-Nov**
**D040 - Frik Butler - 09-Nov**
**A035 - Hennie Loots - 10-Nov**
**C038 - Hennie Visagie - 11-Nov**
**W002 - Frik Schoeman - 12-Nov**
**C023 - Jannis Esterhuizen - 12-Nov**
**W026 - Bertie Wessels - 12-Nov**
**W038 - Kitty Botes - 12-Nov**
**C044 - Daan Labuschagné - 15-Nov**
**N042 - Karl Meyer - 16-Nov**
**N026 - Wayne Nicholson - 17-Nov**
**J002 - Johan Nel - 22-Nov**
**B004 - Nollie Oosthuizen - 24-Nov**
**H063 - Pieter Neethling - 27-Nov**
**B072 - Victor Hattingh - 28-Nov**
**B024 - Willie van Zyl - 28-Nov**
**C005 - Simon Jordaan - 30-Nov**

***Ill members***

Neil Raw - Please keep him and his family in you prayers Neil is very ill

***Deaths***

***Kobus Snyman***




**South African Rare Breeds Club**
**Suid-Afrikaanse Skaarsras Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**

**We endeavour to enhance the following rare breeds**
**Ons bevorder die volgende skaarsrasse**



**Arabian Trumpetter, Carneau, Cauchois, Crested Soultz, Damascene, Danish Saubian, Danzig High Flyer, Domestic Flying Flight, Domestic Show Flight, Dutch Capuchine, Dutch Highflyer, Fairy Swallow, Full Head Swallow, Maltese, Indian Fantail, Jacobin, Memeler Highflyer, Muffed Ice Pigeon, Cleanlegged Ice Pigeon, Nuremburg Lark, Ptarmigan, Silician Swallow, Skoor-steenveër, Starling, Stargard Shaker, Steinheimer Bagdad**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Hennie Hattingh Tel: 034 995 1020 Cell: 082 923 3910**
**Sekretaris: At van Jaarsveld - Tel: 013 245 1700 of Cell: 082 368 1214**


**Advertisement Costs**
**Businesses and non SAFPA members**
**Quarter page - R250 - Half page - R450 - Full page - R850**

**Banking details**
**Account Name SAFPA**
**Standard Bank Tyger Manor**
**Branch Code 05-04-10-41**
**Account Number 272 692 794**

**National Ringmaster**
**Available**
**Monday to Saturday**
**08:00 to 20:00**
**Sunday after 14:00**


**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538**

**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873**



**National Editor**
**Cora Munnik**

***Elke vrou***
behoort 'n ou geliefde te hê na wie sy glo sy terug sal kan gaan en een wat haar herinner aan hoe vêr sy gekom het...

***Elke vrou***
behoort iets perfeks te hê om aan te trek as die baas of ridder van haar drome haar oor 'n uur wou sien...

***Elke vrou***
behoort 'n sappig genoeg verlede te hê sodat sy kan uitsien daarna om dit oor te vertel op haar oudag...

***Elke vrou***
behoort in besit te wees van 'n stel skroewedraaiers, 'n koordlose boor, 'n buis no-more-nails en 'n swart kantbra....

***Elke vrou***
behoort een vriend te hê wat haar altyd laat lag... en een wat haar laat huil...

***Elke vrou***
behoort een goeie meubelstuk te hê wat niemand anders in haar familie voorheen besit het nie....

***Elke vrou***
behoort agt bypassende borde en wynglase met stele en 'n resep vir 'n maaltyd te hê wat haar gaste bederf sal laat voel....

***Elke vrou***
behoort te voel sy is in beheer van haar eie lot... hoe om verlief te raak sonder om haarself in die proses te verloor...

***Elke vrou***
behoort te weet hoe om uit haar werk te bedank, hoe om uit te maak en hoe om 'n vriend te konfronteer sonder om die vriendskap te ruineer...

***Elke vrou***
behoort te weet wanneer om harder te probeer en wanneer om die handoek in te gooi....

***Elke vrou***
behoort te besef sy kan nie veel verander aan die lengte van haar bene .... die wydte van haar heupe of die geaardheid van haar ouers nie...

***Elke vrou***
behoort te besef haar kinderjare mag dalk nie perfek gewees het nie... maar dis verby....

***Elke vrou***
moet vir haarself uitklaar presies wat sy sal doen of nie sal doen nie ter wille van die liefde...... hoe om alleen te bly, selfs al hou sy nie daarvan nie... wie sy kan vertrou en wie nie en hoekom sy dit nie persoonlik moet opneem nie...

***Elke vrou***
behoort te weet waar om te gaan as haar siel lafenis nodig het, of dit nou haar beste vriendin se kombuis of 'n luukse gesondheidspa in die berge is....

***Elke vrou***
behoort te weet wat sy sal kan regkry binne een dag... een maand en een jaar... en wat sy nie sal kan regkry nie....


***Elke vrou***
behoort 'n vriendin of twee te hê vir wie sy hierdie boodskap kan stuur sodat hulle kan onthou om te lag en dans en sing sonder rede, sommer net as vrou.....

Ek het dit hierdie maand goedgedink om hierdie bogenoemde te plaas sodat elke vrou dalk beter kan voel oor haarself. Ek het nie enige reaksie gekry oor iets van julle kant af oor Kobus Snyman nie so daarom het ek nie veel vir die boekie die maand nie.

Ek hoop regtig, en ek doen 'n beroep op al die streke wat duiwedae hou om maar ook vir die boekie iets in te stuur soos wat julle te graag op facebook in die duiwehoekie en SASV blad doen.

Groete aan almal van hok tot hok.

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



## Ter nagedagtenis aan Kobus Snyman

**Christo Munnik**

Kobus Snyman is oorlede. Wat sê ‘n mens van die persoon wat vir 24 jaar die Nasionale Redakteur van die Sierduif was, sonder om sleg of te goed te praat oor die persoon. Ek het in 1976 by die SASV aangesluit en omtrent onmiddelik van Kobus Snyman gehoor tydens die vele SA Kampioenskapskoue wat ek van toe af bygewoon het, en ook later verneem dat hy aangestel is as die Redakteur van ons nuusbrief. Dit was ongeveer 1981 en ek het op daardie stadium in Randfontein op die plot in Wheatlands gebly.



***Kobus met sy kwaai hond wat altyd vasgemaak moes wees as iemand kom kuier. Hier sit hy by die eende hokke wat hy self gebou het.***

Ek het omtrent dadelik begin om artikels te skryf veral oor Birmingham Rollers en sommer oor myself ook. Ek het soos dit daardie dae gegaan het redelik baie met Snyman geredekawel oor artikels wat sommer weggeraak het in die pos want daardie tyd was daar nie tegnologie soos vandag nie. Ek





**Toekenning wat Kobus Snyman ontvang het van die Wes-Kaap lede uit erkenning wat Kobus gedoen het vir die bevordering van die Modena in Suid Afrika**

het maar weer geskryf want met Snyman kon geen mens sommer net redekawel nie wat staan nog ‘n snotsnuiter soos ek wat nog nie eers behoorlik vyf jaar lid was van die vereniging nie.

Later jare toe ek verhuis het Virginia toe en lid van Noord Vrystaat was het ons mekaar redelik baie gesien veral met boekiepak dae wat hy daar op die plot in Estoire gereël het. Daar het ek hom goed leer ken en ook baie met hom gestry oor allerhande onbenullighede. Daar op die plot het ek baie gaan kuier ook toe ek by hom oorgevat het as Nasionale Redakteur in 2005. Hy het besluit dit is nou tyd om uit te tree na 24 jaar en my aanbeveel by die Uitvoerende Komitee waarvan ek self lid was as Nasionale Beoordelaars Beampte. Die Uitvoerende Komitee het dit so aanvaar en my gekoöpteer as Nasionale Redakteur.
Die oorname by Snyman as Redakteur het darem self ‘n paar gevegte opgelewer waaroor ek nie wil praat nie want toe ek eers of eintlik my vrou Cora die boekie onder die knie het was dit ‘n plesier om met Snyman oor die weg te kom. Dit het my ‘n paar

keer se heen en weer ry gekos om die boekie oor te neem.


*Kobus Snyman soos ons hom geken het*

Kobus het veral daarvan gehou dat hy met my aanbeveling as Nasionale Redakteur raakgevat het want sê hy "Christo kry baie positiewe terugvoer van die lede se kant af en daar is selfs van die lede wat sou sê dat Christo 'n beter job van die boekie maak as wat hy gemaak het" wat natuurlik by my geen aanslag gevind het nie want ek het probeer om soos Snyman net die beste te doen.


*Kobus Snyman trots in sy Nasionale Kleure ontvang die BANK OVS trofee tydens 'n SA Kampioenskap skou*

Tydens my diens as Vise-President van Vrystaat streek het ons een of twee keer ons Algemene Jaarvergadering by hom en Bertha op die plot gehou en sommer baie groente gekry wat hy self gekweek het n aan Spar daar naby gelewer het.
Kobus Snyman het groot werk gedoen in die SASV en baie diep spore getrap as Senior Beoordelaar en sommer as gewone beoordelaar ook waar ek saam met hom beoordeel het.


Ons gaan jou mis my vriend jy moet sag rus en ek hoop regtig dat daar waar jy is ook duiwe en eende is wat jou kan besig hou.






**South African Blower Club**
**Suid-Afrikaanse Blaasduif Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**

**We promote the following Blower Breeds**
**Ons bevorder die volgende Blaasduif Rasse**



**Brunner Pouter,Norwich Cropper, Dutch Cropper, English Giant Pouter, Pomeranian Pouter, Holle Cropper, Pigmy Pouter, Reversewing Cropper, Ghent Cropper, Czech Ice Cropper, Voorburg Shield Cropper, Gorguero Pouter, Elster Cropper, Hana Pouter, Bavarian Pouter, Saxon Cropper, Marchenero Pouter, Lille Pouter, Canaria Cropper, Thuringian Cropper, Valenciana Pouter**
**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Jan Labuschagné Cell: 083 491 2919**
**Sekretaris: Dirk Scholtz - Cell: 082 452 4229**


Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



## *Skaarsrasklub Algemene Jaarvergadering - Marleen Esterhuizen*

Notule van die Skaarsrasklub Algemene Jaarvergadering gehou op 27Junie 2019 tydens die SA Kampioenskapskou te Pretoria

**1. Opening**
Die President Ds. Hennie Hattingh open met gebed.

**2. Verwelkoming**
Ds. Hennie Hattingh verwelkom alle lede teenwoordig.

**3. Verskonings**
Verskoning word gemaak vir Me Elsabe vd Walt.

**4. Presensielys**
Die volgende lede is teenwoordig by die vergadering:
- At van Jaarsveld
- Chris de Bruin
- Ds. Hennie Hattingh
- Chris vd Walt
- Awie Esterhuizen
- Marleen Esterhuizen

**5. Lief en Leed**
Die vergadering word verwys na die lys soos per die Algemene Jaarvergadering van die Suid Afrikaanse Sierduif Vereniging.

**6. Goedkeuring van die vorige notule (2018)**
At van Jaarsveld lees die notule vir die vergadering en word op voorstel van Chris de Bruin en gesekondeer deur Chris vd Walt sonder wysiging goedgekeur.

**7. Punte uit vorige notule**
Geen

**8. Finansiële verslag**
Daar is tans R804.85 in die bank by die Suid Afrikaanse Sierduif Vereniging. Ledegeld word gehou op R50.00. Kontant wat by die Nasionale Tesourier gebank is:
- R350.00 ledegelde vir 2019/2020
- R250.00 ledegelde vir 2018/2019
- R250.00 onverklaarbare kontant ontvang saam met tas met dokumentasie van Robin Prince.

**9. Prestige skou Noord/Suid**
Daar word besluit dat die Prestige skou 2020 saam met die Nasionale Kampioenskappe aangebied sal word. 'n Skrywe sal aan die streek wat die Kampioenskappe aanbied gerig word dat alle Skaarsrasse bymekaar in een lokaal geplaas word.

**10. Nuusbrief**

**President**
**Chris de Bruin**
**Tel: 012 819 1594 (na ure)**
**012 420 0181 (kantoor ure)**
**e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**

**Sekretaris**
**Peet Botha**
**Sel: 082 467 0996**
**e-mail: peetsandra@vodamail co.za**

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

Die sekretaris sal alle moontlike inligting bymekaar maak om vir die Sierduif boekie 'n nuusbrief van die klub te skryf vir publikasie.

**11. Beoordelaars SA's 2020**

Weens die baie rasse sal 'n lys later aan die Nasionale Beoordeellaarsbeampte gestuur word. Lede word ook uitgedaag om voor die volgende Kampioenskapskou vir ten minste twee Skaarsrasse te toets as voornemende beoordelaars en die uitdaging is aanvaar.

**12. 2019 Skaarsras Top toekennings**

Kampioen – Old Dutch Capuchine
Ds Hennie Hattingh

Reserwe Kampioen – Swiss Mondain
Chris de Bruin


**13. Trofee/baniere/balkies**

'n Voorraadlys sal opgestel word van al die balkies en trofees wat ons nog op hande het.

**14. Verkiesing van bestuur**

• Vise-President
Chris vd Walt word weer verkies, baie geluk
• Sekretaris/Tesourier
Marleen Esterhuizen word verkies, baie geluk

**15. Afsluiting**





## *Noord Vrystaat hou Lenteskou*

***Attie van Aswegen***

Noord-Vrystaat Streek het op 31 Augustus 2019 'n baie lekker Lenteskou by Gert en Koekie Venter te Riebeeckstad gehou. Dit is 'n jaarlikse instelling. Daar was 15 Lede, 53 duiwe en 22 rasse. Die vrouens het lekker in die huis gekuier want dit was 'n redelike koue dag. Die lede het lekker duiwe gesels.

Ons het twee nuwe Noord-Vrystaat lede daar gehad. Dit was lekker om vir Danie Swart en Nardus Marais daar te hê wat die Lenteskou die eerste keer bygewoon het. Nardus is 'n nuwe SASV lid. Baie welkom by die SASV en by Noord-Vrystaat.

Ds. Hennie Hattingh, Christo Nel, Bertie Wessels en Harry Munnik het die beoordeling behartig en Gert Venter het die administrasie behartig. Lourens Muller was die hoof beoordelaar.

Die top vyf was as volg:

1. Modena van Danie Swart.
2. Capuchine van Hennie Hattingh.
3. American Showracer van Gert Venter.
4. Birmingham Roller van Attie van Aswegen.
5. Chinese Owl van Koos Meiring.

Ons het ook ons eerste SA's 2020 vergadering gehou en dit lyk baie belowend. Verskillende komi-


**Jaco Fick - B080**
**Breed with:**
**Birmingham Roller, Oriental Roller, Felegyzahaer Tumbler, Frillback, Indian Fantail, English Fantail, English Trumpeter, Old German Owl, Blondinette, Barb, Old Dutch Tumbler, Runt, Carrier, Egyptian Swift, Norwich Cropper, Brunner, Maltese, Silician Swallow, Modena, Chinese Owl, Ice Pigeon Muffed, Archangel, Lahore, American Showracer.**
**Contact information:**
**Cell: 079 6761 6548**


Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

tees is aangestel sodat die werk verdeel is tussen die lede. Ons het 'n lekker span lede en sien uit daarna om die SA's volgende jaar in Odendaalsrus by Odensia primêre skool aan te bied.

Na die skou het ons 'n lekker bring en braai gehad met baie lekker bykosse. Baie dankie Gert en Koekie vir 'n lekker dag.
Baie dankie aan al die lede wat die Lenteskou bygewoon het en dankie Lourens dat jy bereid was om as hoofbeoordelaar op te tree.

Volgende jaar maak ons weer so.














**MODENESERKLUB VAN S.A.**
**President: Jan Lombard - 083 274 1014**
**Sekretaris/Tesourier: Wim van Rensburg - 084 504 2928**
**DIE PERFEKTE RAS:**
**Top kwaliteit EuropeseBloedlyne (6x top-7 in 2 jaar), Elegansie, Vrugbaarheid, Kleurverskeidenheid, Goeie Voerders, Invoerstrategie om Top Duiwe binne alle lede se bereik te plaas.**

**What do you get when you combine long legs, beauty, elegance and curves?**
**The perfect bird!**

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873









**GJ van Aswegen**
**Teel met Norwich Croppers en Working Homers**
**Kontak besonderhede:**
**Sel: 082 921 1747**
**e-mail: gjtlofts7@gmail.com**





**Chris de Bruin**
**Teel met Cauchois, American Giant Runts, Strassers, Swiss Mondains & Gros Mondains.**
**Kontak besonderhede:**
**Tel: 012 8191594 (n/u), 012 4200181 (k/u), e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

# Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

**Rules**

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A match meeting report will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R850 advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

## Important information

**Order from the National Ringmaster:**

**1. Book of Standards R200 each**

**2. SAFPA ties (Navy blue) R60 each**

**3. SAFPA Pocket badge (Navy blue) R35 each**

**4. SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each**

**5. SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each**

**6. Metal Member & Judges scrolls R50 each**

**7. National pocket badges (Green) R40 each**

**8. National Honour scrolls (Green) R30 each**

**9. National Ties (Green) R120 each**

**All prices excludes Postage contact National Ringmaster Mr. Robin Prince for correct postage**

**Reëls**

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
9. Advertensiegeld wat 'n streek/lid vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.

**NB 'n Lid wat 'n R850 advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Score board

### Bank OFS Shield

| | |
|---|---|
| **1. North-of-the-Vaal:** | **1892** |

### Manie Fourie Trophy

| | |
|---|---|
| **1. Western Transvaal:** | **1276** |
| **2. Eastern Region:** | **450** |
| **3. KwaZulu-Natal:** | **450** |
| **4. Northern Freestate:** | **403** |
| **5. Northern Cape:** | **200** |
| **6. Eastern Province:** | **150** |
| **7. Freestate:** | **0** |
| **8. Western Cape:** | **0** |
| **9. SW Districts:** | **0** |

**Om te weet hoe die punte vir die twee trofees toegeken word lees punte 1 tot 8 van die reëls boaan die kolom. Die streek met die meeste punte wen die BANKOVS skild en die tweede beste streek wen die Manie Fourie trofee./To know how the points are allocated for the two trophies read the rules from 1 to 8 in the column above. The best Region win the BankOFS Shield and the second best Region win the Manie Fourie trophy.**

### Bertie Wessels Trophy

**1.**

**Die Bertie Wessels Trofee se punte gaan slegs oor punt 9 van die reëls./The points for the Bertie Wessels Trophy is according to point 9 of the rules**

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229